TAK WATERBERG – UITSTAPPIE PROGRAM 2009
NYLSTROOM / MODIMOLLE

27/28/29 Maart 2009 – Naweek

Ons besoek die plaas NYLSOOG van Rudolph du Preez. Drie takke, Magalies (Gauteng), Kierieklappers (Leeupoort) en Waterberg tak gaan die naweek meeding vir ‘n plekkie onder ‘n koelteboom.

18 April 2009
Ons lê besoek af op die plaas, Mooivallei van Danie van der Merwe in die Loubad/Alma distrik. Dr. Peet van der Walt (Magalies-tak) gaan ons die dag vergesel.

23 Mei 2009

Kuiertjie by Robbie en Heibrie Wolmarans op hulle plaas BUFFELSKLOOF in die Mookgopong distrik. Hier is meer as 100 boom spesies..

27 Junie 2009

Besoek word afgelê op die plaas Vyeboomspoort van Louis en Martie Fouchè. Hulle is lede van ons Waterberg tak, groot boomliefhebbers en woon 5km buite Nylstroom.

18 Julie 2009
Die Oppermans, Andrè en Annette het ons genooi om op hulle plaas/kwekery DON AMARAN by Sussenvale te kom kuier. Los dus ‘n plek in die bakkie vir ‘n inheemse struik of boom.

15 Augustus 2009
Die Saterdag stap ons op die plaas BERGSIG van Gerhard Bakker. Hy is die nuwe eienaar van die pragplaas wat geleë is tussen Bakovenkrans en Dinaka. Ons sluit die dag af met ‘n bring en braai.

Kontak besonderhede
Vir enige navrae kontak Lonka Bergsma (Sekretaresse) by 014-7173065 of Christo Redelinghuys (Voorsitter) by 082-47393182